



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 24

13 Junie 2021

Die Heilige Gees

Is In My - Langs My!

Lewe uit die krag van die Heilige Gees

Ons lewens is baie soos die van 'n vlieër. Ons het die wind van God se Gees nodig om geestelik aan die lewe te bly. Soms probeer ons in eie krag opstyg, maar ons ken die neus-in-die-grond-gevoel al te goed. Ons is magteloos om op eie houtjie die snel, gekompliseerde lewe aan te durf as ons nie uit die krag van God die Heilige Gees lewe nie.

Dit behels 'n verhouding nie 'n eenmalige afspraak nie

Om saam met die Gees te werk of wandel en langs Hom te loop, behels meer as net een afspraak met Hom. Hy is ook nie soos 'n "magiese krag" wat ons soms nodig kry nie. Die Heilige Gees is 'n konstantheid van 'n Persoon in jou lewe. Die wind is altyd daar, die vlieër moet net vlieg. Om so in die Gees te lewe, beteken om jou oor deurentyd by Sy mond te hou, met Hom oor elke besluit te praat en Hom in elke opdrag te gehoorsaam – om elke stukkie vreugde en teleurstelling met Hom te deel. Die Heilige Gees is juis vir jou gegee en beskikbaar gestel om in jou te woon, langs jou te loop en om jou die waarheid en God se wil te leer.

Die Heilige Gees het 'n karakter

Dit is belangrik dat jy die karakter van die Heilige Gees sal verstaan. Die Heilige Gees is God. As Hy in jou kom woon, is dit belangrik dat jy sal weet wie Hy is en wat Hy in en deur jou doen. Hy is almagtig (Luk 1:35); alomteenwoordig (Ps 139:7) en alwetend (1Kor 2:10,11). Verder is die bekende vrug van die Gees uit Gal 5: 22-23 die karaktertrekke van die Heilige Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit is die karaktertrekke van Hom wat in ons werksaam kan wees as ons in die wingerdstok ingeplant is. "Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie op sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie". (Joh 15:4)

Dankie!

- **Vir die betrokkenheid van die Heilige Gees in ons lewens!**
- **Vir elke persoon wat beterskap in hulle gesondheid beleef en elkeen wat gesond geword het!**
- **Vir die voorreg om die Naam van die Here met vrymoedigheid aan te roep!**
- **Vir Sy belofte dat Hy saam met ons deur moeilike tye gaan.. "As jy deur water moet gaan, is Ek by jou. Deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder!" (Jes 43:2-3).**
- **Vir die troos in Hom! Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses. Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal. Ps 34:19-20**

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente. Daar is baie.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Vir die skole en onderwysers.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!

Voorbidding

- Duan Vorster – Vir sy spoedige herstel en volkome genesing na sy groot operasie..
- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – sy het beroerte gehad. Vir spoedige en volkome herstel.
- Martin Kleinhans - in hospitaal met covid. Vir spoedige en volkome herstel.
- Ds Fritz Kotzé – Het covid. Vir spoedige en volkome herstel .
- Johan Kotze – in hospitaal. Vir volkome herstel en genesing.

Gedagte vir die week:

**Weet jy dan nie
Het jy nog nie gehoor nie?
Die Here is die ewige God,
Skepper van die hele aarde.
Hy word nie moeg nie,
Hy raak nie afgemat nie
en Sy insig is ondeurgrondelik.
Hy gee die vermoeides krag,
Hy versterk dié wat nie meer kan nie.
Jes 40:28-29**

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

